# PLUS 50


April/May 2025
R58.00 (BTW ing) / (incl VAT)
Namibia N$58.00 (excl tax)
Vol 20/2

'n Huppel in jou stap
A spring in your step

## Afrikaans 100
'Kyk hoe ver het ons gekom'

## Eating habits
with good health in mind

## VERSORGING VAN JOU OUERS
As die rolle omruil



# Ian Roberts

Brain Boosters • Why you should exercise

www.plus50.co.za
9 771815 899004 25038





LAKESIDE VILLAGE
OVER FIFTY LIFESTYLE ESTATE



# Besoek weelderige Lakeside Village se eerste skouhuis

DEUR **CARLA VAN DER SPUY**

Lakeside Village is ŉ leefstyllandgoed waarvan mense van 50 en ouer kan droom. Dié stylvolle ontwikkeling reg langs die Silver Lakes-gholflandgoed in die ooste van Pretoria word as "volsirkel" beskryf.

ŉ Mens kan skaars glo dat dié ongerepte stuk grond van 32 ha nie lankal reeds opgeraap is nie.

Lakeside Village bied verskeie gesofistikeerde en onafhanklike koopopsies. Alles, van mediese dienste tot restaurante, ŉ gim met ŉ verhitte swembad en top-sekuriteitsdienste wat selfs gesigherkenning insluit, gaan beskikbaar wees. Dis as't ware ŉ klein veilige dorpie op sy eie. Jy hoef nie eers ŉ voet buite die ontwikkeling te sit nie. Alles is daar.

Volgens Pierre Spies, die ontwikkelaars se verteenwoordiger, is daar verskeie aanloklike komponente by dié vyfster-ontwikkeling betrokke wat voltitel en deeltitel keuses insluit.

**Eerste fase**

Met die voltitelbehuising kan jy uit 12 verskillende soorte huisplanne kies. Dit wissel van tweeslaapkamerhuise van 150 m² wat tydens die eerste fase gebou word (ideale toesluit-en-ry-blyplekke vir bedrywige mense) tot ruim huise met drie slaapkamers wat 344 m² beslaan (ŉ luukse kamer vir ŉ versorger kan as vierde slaapkamer gebruik word).

Die pryse wissel van slegs R3,7 tot R6,5 miljoen, erf ingesluit. Dit sluit oordragkoste in.

Enigeen kan daar koop. Die enigste voorwaarde is dat een van die bewoners minstens 50 jaar oud moet wees.

Die eerste fase van die ontwikkeling (250 voltitelhuise) is nommerpas vir mense wat nog onafhanklik is en vir hulself kan sorg. Die huise is ook rolstoelvriendelik.

Dié argitektonies ontwerpte huise beskik elkeen oor ŉ ruim en stylvolle uitleg.

Die goeie nuus is dat jy nou reeds daarin kan belê.

**Tweede fase**

Die tweede fase wat uit 105 deeltitel woonsteleenhede en 230 geassisteerde lewenssuites bestaan, veronderstel steeds onafhanklike bewoning, maar dan met tuisgebaseerde bystand indien dit benodig word. Dit sal bejaardes pas wat byvoorbeeld hulp benodig met die hoeveelheid daaglikse medikasie en enige ander mediese bystand wat hulle nodig het.

ŉ Deel van dié fase sluit ook ŉ sorgafdeling vir verswakte inwoners in, met 32 beddens vir verswakte bejaardes, elkeen in sy of haar eie kamer, en dan laastens ŉ afdeling vir 32 demensielyers.

Hierdie twee afdelings is heeltemal van mekaar geskei.

Die demensie-afdeling is ŉ hoogs gespesialiseerde afdeling wat op demensie, Alzheimer se siekte en mense met fisiek beperkende siektes fokus.

**Derde fase**

In die derde fase van die ontwikkeling word kleinhandel- en sportgeriewe vir jou fisieke welsyn en gerief ontwikkel.

Die ontwikkelaars glo aan ŉ holistiese benadering tot gesondheidsorg. Dit sluit respek vir medebewoners se keuses in, maklike interaksie met familielede en ingeligte mediese inligting en leiding deur ŉ toegewyde en empatiese mediese span.

> Dis as't ware ŉ klein veilige dorpie op sy eie. Jy hoef nie eers ŉ voet buite die ontwikkeling te sit nie. Alles is daar.

Wi-Fi, toegangbeheer, paniekknoppies en CCTV-kamerasekuriteit en ŉ rookopspoorder is verder van die talle voordele wat gebied word.

Vida Developers is ervare ontwikkelaars wat weet wat hulle doen.

Soos Pierre sê: "Ons is al 20 jaar in die ontwikkelaarsbedryf, eers residensieel en toe in kleinhandel waarna ons die ontwikkeling van minstens agt winkelsentrums gedoen het.

"Hierdie ontwikkeling gaan ook oor ŉ eie sakesentrum met kantoorgeboue, restaurant en koffiewinkels beskik. Gevestigde skole en die beplande Pretoria Gimnasium saam met verskeie hospitale is net ŉ klipgooi daarvandaan geleë. Dan is dit ook na aan die N4-afdraaipad en die Silver Lakes-gholfbaan.

Dit gaan gewis nie moeilik wees om fiks te bly by Lakeside nie, want hierdie landgoed gaan ook beskik oor rolbalbaangeriewe, asook geriewe vir padel wat deesdae so gewild is, en ŉ klubhuis waar jy ná al die aksie heerlik kan ontspan.

Nog ŉ groot voordeel is dat hier nie sprake van vruggebruik is nie. Die eiendom bly joune en kan later na jou kinders toe gaan.

ŉ Groot pluspunt is dat ŉ mens ook daagliks heerlike gesonde maaltye kan bestel. Goeie boerekos, bevestig Pierre.

Intussen kan jy die laaste fases van jou lewe in ongekende vryheid en gerief in ŉ veilige hawe geniet.

Die oordrag van erwe sal reeds vroeg volgende jaar begin plaasvind. Maak dus solank die perfekte keuse vir jóú unieke leefstyl in ŉ rustige en prentjiemooi omgewing.

---

Meer besonderhede vir hierdie vyfsterleefwyse is by sales@lakesidelifestyle.co.za beskikbaar. Stuur 'n e-pos-boodskap vir nog inligting. Navrae: 082 872 6766.

Argiteksvoorstellings van die binnekant van die Lakeside Village-wonings.





